**Nelia Van der Walt**

Beroep:

Finansiële industrie: bestuur, bemarking en finansies

Kinders in Menlo:

Twee seuns: oudste het in 2017 gematrikuleer en jongste is in Gr 10

Vorige BL-ondervinding:

Nee
Dien op die Ouer Finansiële Komitee die afgelope drie jaar

Dit waarvoor u staan in een of twee sinne:

Ek glo dat Menlo Park 'n ongelooflike skool is wat vir ons kinders fantastiese geleenthede skep. Ek is bereid om my insette en tyd te gee om saamet die skoolbestuur te werk om die skool se sukses in die toekoms te bou in sy strewe om toegeruste, positiewe en gebalseerde kinders te vorm.

**Stefan van der Walt**

Prokureur
Kinders in Menlo Twee, Graad 10.
Vorige BL-ondervinding 3 jaar Laerskool Lynnwood, Die Hoërskool Menlopark afgelope 3 jaar.
Ek staan vir portefeulje Regsaangeleenthede.

**Ansie von Molendorff**

Tuisteskepper
Kinders: Melt (graad 11); Carl (2016 matriek); Hercules (2013 matriek)
Vorige BL-ondervinding

**Die Hoërskool Menlopark:**
2015-2018: onder-voorsitter; BL-lid vir kultuur; dien op die finansiële komitee van die BL
2014: gekoöpteer as BL-lid vir kultuur

**Laerskool Lynnwood:**
2009 – 2014: BL-lid vir kultuur

Ek is baie bewus daarvan dat ouers op die Beheerliggaam “dien”; ek stel graag my tyd tot beskikking van die skool en sy mense.

1. Naam: **Chris de Beer**

2. Beroep: Prokureur
3. Kinders in Menlo: Mieke grad 10, twee seuns oppad;
4. Vorige BL ondervinding: Lynnwood Privaatskool 2013-2014. Skole wet- en kommersiële regsadvies aan Krans Laerskool BL en ander skole.
5. Dit waarvoor ek staan: Die bedreiging van skole as gevolg van politieke agendas is ‘n ongelukkige realiteit. Ek sal graag diensbaar wees aan Menlopark deur my ondervinding met die hantering van skole se uitdagings te deel en te help om die strategiese posisionering van Menlopark te versterk.

**Wilhelm Leuschner**

Predikant
Friedrich - Graad 9 (Juan is in Graad 6 en oor 2 jaar in Menlo)
Geen vorige ondervinding
Ek is lief vir alle tipes mense en sal graag wil sien dat elkeen optimaal groei. Daarom is waardes en groei vir my belangriker as kort termyn prestasie. Ek is 'n langtermyn, toekomsdenker wat graag 'n verskil in die kinders, onderwysers en ouers se lewens wil maak.

**Prof Johan Hanekom**

**Beroep**
Professor in Elektroniese Ingenieurswese, en Groephoof van Bioingenieurswese (Biomediese Ingenieurswese) by die Universiteit van Pretoria.
**Kinders in Die Hoërskool Menlopark**

- **Natalie Hanekom, graad 11**
- **Johan Hanekom, graad 8**

**Vorige BL-ondervinding**
Ek het in die afgelope termyn van drie jaar gedien as lid van die BL van Die Hoërskool Menlopark. My twee portefeuljes was Akademie en Sekuriteit.
**Waarvoor ek staan**
Desondanks al die skitterende prestasies van Die Hoërskool Menlopark op alle terreine, bly akademie die prioriteit. Ek sal as lid van die BL werk om die onderwyserskorps te ondersteun en te bemagtig om te verseker dat Menlopark-leerders steeds die heel beste, en waar toepaslik, moderne tegnologie-gesteunde onderrig ontvang van die heel beste onderwysers. Ek is 'n voorstander van moedertaalonderrig binne 'n veilige en gedissiplineerde skool.

**Francois le Roux**

Geoktrooieerde Rekenmeester

Dogter in graad 11, seun in graad 9 en nog ‘n seun oppad in 2020

Lid van die Finansiële Komitee van Die Hoërskool Menlopark sedert Januarie 2018

Die voortgesette handhawing van kwaliteit Afrikaanse onderrig by Die Hoërskool Menlopark

## Dr Ronel Theron

| | |
|---|---|
| Beroep: | Algemene parktisyn |
| Kind in Menlo: | Marnel Janse van Rensburg – Graad 9 A |
| Vorige BL ondervinding: | Ek was bevoorreg om vir die laaste 7 jaar op die BL van die Laerskool Lynnwood te dien. My portefeulje was Kultuur – waarvoor ek ‘n groot passie het. |
| Waarvoor ek staan: | Om ‘n positiewe bydra te lewer tot die reeds dinamiese Menlopark skoolgemeenskap in die beste belang van elke personeellid, ouer en kind. |

**Biografie vir BL 2018**

1. Naam: **Hettie Schönfeldt**
2. Foto:

3. Beroep: professor en direkteur van die Afrika Navorsingsuniversiteite Alliansie in Voedselsekuriteit aan die Universiteit van Pretoria
4. Kinders in Menlo:
Dogter: Riëtte Schönfeldt in graad 10D
Seun: Stephan Schönfeldt in graad 11D
Dogter: Nadia Schönfeldt matrikuleer 2012 aan Menlo – 6de jaar medies
Seun: Wilhelm Schönfeldt matrikuleer 2008 aan Menlo – amper aktuaris
5. Vorige BL-ondervinding:
Dien 11 jaar op Parents Teachers Association van St Paulus primêre skool
In 2016 onderwys-koördineerder by Laerskool Menlopark tussen ouers, leerlingraad en onderwysers.

2016 en 2017 assisteer ons dogter met PULSE studentevereniging en toe as Health House met borge, uitvoer van uitreike en funksies aan die Universiteit van Pretoria.

6. Dit waarvoor u staan in een of twee sinne:

- ✓ Die veiligheid van ons kinders te alle tye bv verligting van strate nie afhanklik van die stadsraad.
- ✓ Verkeerskalmering en ontknoping van Rosemaryweg, sodat ouers mekaar weer groet soos 14 jaar terug, in plaas van vingertaal gebruik.
- ✓ Bevordering van die kunste met meer geröelde optredes van meer vorme van kuns soos ons jazzband en dans as 8 ste vak.
- ✓ As ouer van onmiddelikke gemeenskap spesifiek Parke Oos waar die skool tans ‘n 2 de huis van 14 gekoop het met verdere uitbreiding van koshuis ten doel. Niks is so lekker soos ‘n buurman wat ‘n kabel gooi oor die muur veral toe ons 7 dae sonder krag gesit het agv veseluitgrawings nie.
- ✓ Verder het ons ‘n buurt nagapiebewaringsprogram en ek bevorder herwinning as ‘n leefwyse.

**CURRICULUM VITAE - NICOLAAS KRUGER**

Nicolaas Kruger het in 1985 gematrikuleer by Hoërskool Menlopark. Hy behaal ‘n B.Comm (Wiskunde) graad met lof aan die Universiteit van Stellenbosch en neem verdere nagraadse aktuariële kursusse by WITS Universiteit. In 1992, op 24-jarige ouderdom, kwalifiseer hy as aktuaris deur die Faculty of Actuaries in Skotland. Hy het later in sy loopbaan ‘n gevorderde bestuurskursus (AMP) voltooi by Oxford Universiteit in Engeland.

Hy het in 1991 by Momentum begin werk as aktuariële assistant. Hy het in 1997, op ouderdom 29, hoofaktuaris van Momentum geword. In Januarie 2009, op die ouderdom van 41, is hy aangestel as Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van die Momentum Groep.

Hy is op 1 Desember 2010 aangestel as Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van die genoteerde versekeringsgroep MMI Holdings ("MMI"), wat tot stand gekom het deur die samesmelting van Metropolitan en Momentum. MMI het meer as 17 000 personeellede en bestuur bates van meer as R700 miljard namens kliënte. MMI bedryf sy besigheid hoofsaaklik in Suid-Afrika, maar het ook 'n teenwoordigheid in die res van Afrika, Engeland en Indië.

Nicolaas het in Februarie 2018 uitgetree as HUB van MMI op die ouderdom van 50, na 'n termyn van 9 jaar as HUB van die groep (insluitende 2 jaar as HUB van Momentum) en 'n loopbaan van 26 jaar. Gedurende die afgelope 9 jaar was hy uitvoerende voorsitter van die uitvoerende komitee van MMI. Hy was ook lid van verskeie direksies en direksiekomitees in MMI. Na sy uittrede, bly hy betrokke as

nie-uitvoerende lid van MMI se Aktuariële komitee, die Billike Praktykkomitee en nie-uitvoerende voorsitter van Guardrisk.

Hy was ook vir jare 'n direksielid en lid van die uitvoerende komitee van ASISA, die industrie vereniging vir die batebestuurders en lewensversekeraars in Suid-Afrika. Hy was ook ‘n alternatiewe direkteur by Besigheid Leierskap Suid-Afrika (BLSA). Hy het ook gedien as lid van verskeie komitees van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (ASSA).

Hy is 'n geesdriftige deeltydse boer en dien as voorsitter van die Gariep Eco Reserve boerdery by Venterstad en Colesberg.

Hy is getroud met Betsie, ‘n mediese dokter. Hulle het drie kinders, Bingle, Myra en Stegmann. Bingle en Myra is oud-Menloparkers en studeer albei by Stellenbosch Universiteit. Stegmann Kruger is tans graad 11 in Hoërskool Menlopark.

Nicolaas wil graag sy uitgebreide strategiese en leierskapsondervinding in die besigheidswêreld gebruik om strategiese waarde toe te voeg tot die Beheerliggaam van Hoërskool Menlopark. Hy glo in waardes-gebaseerde leierskap en sal dit as 'n voorreg beskou om 'n rol te speel op die Beheerliggaam.

1. **Louis Cloete**

2. Argitek. Ook bevoorreg om op 'n deeltydse basis betrokke te mag wees by 'n familieboerdery in die Karoo wat o.a met skaars wildsoorte boer
3. My seuns Louis-Martin en Bingle, asook my dogter Erna het by Menlo gematrikuleer. My jongste Anet-Mari, is nog hier op die skoolbanke. My vrou Ester, 'n oud-Parkie, gee Wiskunde vir die Matrieks, en is reeds verbonde aan Menlopark as Wiskunde onderwyseres sedert 1987, dus vanaf die vorige millenium, vir die afgelope 30 jaar!
4. Ek was bevoorreg om te dien as:
    1. Voorsitter van die BL van Laerskool Menlopark vir 3 agtereenvolgende termyne (dus vir 9 jaar) vanaf 2003 - 2012

2. te dien as geko-opteerde lid van die BL van Die Hoërskool Menlopark vir die 2012 - 2015 termyn
3. te dien as verkose lid van die BL van Die Hoërskool Menlopark (belas met Sport), vir die afgelope termyn, vanaf 2015 - 2018. Ook lid van die Uitvoerende Komitee

5. Menlo is 'n besondere dinamiese skool wat uitnemende ontwikkelings-geleenthede aan sy leerders bied. Ek help graag om strukture te skep waarbinne elkeen sy/haar talente optimaal kan ontwikkel in 'n gekoesterde omgewing, sodat sy/hy hulle skooljare voluit kan geniet as gelukkige, besige kinders, wat goeie tydbestuur kan leer tydens hulle tyd hier

**Janine Botha**

Ek is ‘n dokter by Meulmed se Rehabilitasie Sentrum vir fisies gestremdes.
Ek is getroud met Lambert en ons dogter, Hanlie, is in Gr9.
Ek was voorheen vir twee termyne op Laerskool Constantiapark se beheerliggaam
met die portefulje: Leerlingondersteuning.
As christen is ek is oortuig dat ons kinders se opvoeding ons as ouers se
verantwoordelikheid is. Daarom moet ons verantwoordelikheid neem om
onderwysers aan te stel en ‘n skoolomgewing te ontwikkel waarbinne ons kinders
tot gebalanseerde en gewortelde jong volwassennes kan groei.